Huisgeloof: Lukas 15:1-7 5 Julie 2020

Dink saam oor die volgende vrae:

1. Wat verkies jy: om 'n partytjie te hou met baie lekkers en koek wat jy alles self kan opeet of 'n partytjie met baie lekker en koek maar daar is ook baie maaikies en julle deel al die lekker eetgoed?
2. Het daar al een van jou gunsteling speelgoed weggeraak? Hoe hard het jy daarvoor gesoek? Het jy dit gekry? Hoe het jy gevoel toe jy dit gekry het?

Net soos ons baie maatjies by ons partytjie wil hê en soos wat ons soek na 'n verlore speelding totdat ons dit kry, so wil God hê dat almal deel van Sy familie moet wees en soek hy dié wat nog nie deel is nie.

3. Hoe laat dit jou voel om te weet dat God jou sal aanhou soek totdat Hy jou kry en deel kan maak van Sy familie?
4. Hoe laat dit jou voel om te weet dat God ook baie ander mense aanhou soek. Selfs mense van wie ons nie altyd hou nie?

Aktiwiteit: Maak skapies

Benodighede:

- Buitelyne van skapies (druk uit)
- Wasgoedpennetjies
- Watte

Sny die skapies uit en kleur in as jy wil
Plak die watte met Pritt op die skapies
Sit die wasgoedpennetjies aan vir bene sodat hulle reggop kan staan